CapeNature

# KENNISGEWING

## HEUNINGNESRIVIERMONDING INSTANDHOUDINGSBESTUURSPLAN

### Uitnodiging vir deelname deur die publiek – proses om belanghebbendes te betrek

Artikel 24 (4)(a) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998)

Die doel van die Mondinstandhoudingsbestuursplan is om die riviermonding sodanig te bestuur om die gesonde ekologiese toestande in die riviermonding te handhaaf. Die voorgestelde goedkeuring van die Instandhoudingsbestuursplan deur die bevoegde owerheid sal geskied in terme van Noteringskennisgewing 1: Aktiwiteit 19A van die Omgewingsimpakassessering-regulasies (Regeringskennisgewing 327 van 2017).

Hiermee word daar kennis gegee in terme van artikel 24 (4)(a) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) dat die voorgestelde Mondinstandhoudingsbestuursplan vir die Heuningnesriviermonding beskikbaar gemaak sal word vir besigtiging by die Bredasdorp Openbare Biblioteek, die Welverdient Openbare Biblioteek en die De Mond Natuurreservaatkantoor vanaf **12 Augustus 2022** tot **12 September 2022**. Die plan, sowel as die Engelse en isiXhosa weergawe van hierdie kennisgewing kan besigtig en afgelaai word via die volgende skakel op CapeNature se webwerf: **bit.ly/3BznPbn**

**KOMMENTAAR EN/OF BESWAAR**

Enige kommentaar op/of beswaar teen die voorgestelde plan kan skriftelik by Monique Owies ingedien word

**Epos: mowies@capenature.co.za**

**CAPENATURE, PRIVAATSAK X29, GATESVILLE, 7766**

NAVRAE: Pierre de Villiers Sel: 083 236 2924 Epos: estuaries@capenature.co.za

**SLUITINGSDATUM VIR KOMMENTAAR EN/OF BESWAAR: 13 SEPTEMBER 2022**